NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

# NWU-BELEID OOR STUDENTEDISSIPLINE

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 7P_7.8.3 |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | Registrateur |
| **Beleideienaar** | Registrateur |
| **Verantwoordelike afdeling** | Studenteregsdienste |
| **Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van goedkeuring** | 13 Maart 2024 |
| **Datum van wysigings** | |
| **Hersieningsdatum** | Maart 2027 |

*Kantoor van die Registrateur*

# NWU-BELEID OOR STUDENTEDISSIPLINE

Ingevolge paragraaf 72-77 van die Statuut van die Noordwes-Universiteit (NWU) word daar voorsiening gemaak vir die volgende beleid oor studentedissipline wat op 13 Maart 2024 deur die Raad van die Universiteit aanvaar is.

## 1 Vertolking en toepassing

1.1 Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op ŉ wyse wat strook met die –

1.1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;

1.1.3 Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000;

1.1.4 Statuut van die Noordwes-Universiteit, soos van tyd tot tyd gepromulgeer (hierna genoem "die Statuut"); en

1.1.5 Ander tersaaklike beleide en reëls van die Universiteit.

1.2 Alle reëls met betrekking tot studentedissipline wat deur bevoegde owerhede van die NWU gemaak word, moet vertolk en toegepas word op ŉ wyse wat strook met hierdie beleid:

## 2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid –

| | Term | Woordomskrywing |
|---|---|---|
| 1. | **Akademiese wangedrag** | Verwys na studentewangedrag van ŉ akademiese aard soos bedoel in paragraaf 73(c) van die Statuut en verder omskryf en gereguleer deur die NWU se Beleid oor Akademiese Integriteit. Akademiese wangedrag word eerstens oorweeg ingevolge die Beleid oor Akademiese Integriteit, en kan waar toepaslik verwys word vir verdere dissiplinêre optrede ingevolge die Beleid en Handleiding oor Studentedissipline. |
| 2. | **Nie-akademiese wangedrag** | Verwys na studentegedrag soos bedoel in paragraaf 73 (a), (b), (d) of (e) van die Statuut, en soos verder aangedui in die Handleiding oor Studentedissipline. |

## 3 Doel en omvang

3.1 Hierdie beleid gee uitvoering aan paragraaf 72-77 van die Statuut.

3.2 Alle tugreëls en -prosedures met betrekking tot studentegedrag, sowel as dié waarvoor deur die Handleiding oor Studentedissipline voorsiening gemaak word, moet ooreenstem met en toegepas word ooreenkomstig paragraaf 72(1) en 74(2) van die Statuut en bepalings van hierdie beleid.

3.3 Met betrekking tot die aard van studentedissipline en tugmaatreëls:

3.3.1 Die Universiteit se institusionele kultuur en waardes, gemik op die bevordering van betrokke en sorgsame personeel en studente, moet bevorder en beskerm word wanneer tugmaatreëls geneem word.

3.3.2 As ŉ opvoedkundige instansie moet die Universiteit dissipline uitoefen en afdwing op ŉ wyse wat strook met opvoedkundige doelwitte.

3.3.3 Omdat die universiteitsgemeenskap divers, multidimensioneel en kompleks is, is die handhawing van goeie dissipline ŉ noodsaaklike verantwoordelikheid van die bestuur van die NWU.

## 4 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die Universiteit dat –

4.1 die prosedures met betrekking tot die handhawing van studentedissipline regverdig, deursigtig en doeltreffend moet wees;

4.2 die gedrag en optrede van elke student en die studentegemeenskap as geheel die waardes van die NWU moet weerspieël en die doelwitte van betrokke wetenskapsbeoefening en maatskaplike responsiwiteit moet bevorder;

4.3 alle tugprosedures aan die vereistes van natuurlike geregtigheid moet voldoen;

4.4 studentedissipline toegepas moet word met die doel om op te voed, af te skrik, te korrigeer, om waar moontlik te versoen, om goeie orde te handhaaf en om stabiliteit binne die universiteitsgemeenskap te bevorder; en

4.5 tugmaatreëls moet regverdig, deernisvol en konsekwent wees, en moet ŉ gepaste balans verseker tussen alle partye betrokke by die saak, insluitend die regte van geïmpliseerde studente, klaers, die regte van die Universiteit en die breër gemeenskap.

## 5 Handleiding oor Studentedissipline

5.1 Die Visekanselier moet ŉ Handleiding oor Studentedissipline (hierna genoem "die Handleiding") publiseer na oorleg met die Senaat en die VSR.

5.2 In ooreenstemming met paragraaf 74 van die Statuut moet die Visekanselier die volgende tugliggame tot stand bring om studentegedrag te behartig, met die gesag, samestelling en prosedures van elk wat in die Handleiding uiteengesit word:

5.2.1 Dissiplinêreverhoorkomitees van die Universiteit;

5.2.2 Dissiplinêreverhoorkomitees van die VSR, die KSR's en die ondergeskikte studenteleierskapstrukture;

5.2.3 Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitees; en

5.2.4 Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitees.

5.3 In omstandighede waar tugmaatreëls vereis word wat nie duidelik binne die bestek val van ŉ liggaam wat ingevolge paragraaf 5.2 ingestel is nie, of binne die bestek van twee of meer van daardie liggame val, kan die Visekanselier ŉ ad hoc dissiplinêreverhoorkomitee tot stand bring om die betrokke dissiplinêre aangeleentheid te behartig.

5.4 Die Handleiding moet voorsiening maak vir die samestelling van vyf (05) hersienings- en appèlkomitees vir elk van die kategorieë van tugkomitees wat ingevolge paragraaf 5.2 en 5.3 van die Beleid tot stand gebring is. ŉ Student wat aan wangedrag skuldig bevind word, kan ingevolge paragraaf 77 van die Statuut appèl aanteken of ŉ versoek om hersiening by die betrokke komitee indien van die bevinding en/of strafmaatreël van die betrokke tugliggaam.

5.5 Die Handleiding moet duidelike riglyne en beginsels verskaf wat betref:

5.5.1 die vereistes van natuurlike geregtigheid;

5.5.2 die doel en aard van studentedissipline;

5.5.3 die toepaslike prosedure wat die tugliggaam moet volg om die relevante feite te bekom en te evalueer;

5.5.4 die bewyslas en -standaard wat vereis word vir die maak van ŉ bevinding;

5.5.5 die strafmaatreëls wat deur ŉ tugliggaam opgelê word aan ŉ student wat aan wangedrag skuldig bevind word; en

5.5.6 Die hersienings- of appèlprosedure wat relevant is vir die betrokke dissiplinêreverhoorkomitee.

5.6 Die handleiding moet voorsiening maak vir voorafbepaalde dissiplinêre meganismes wat:

5.6.1 die handhawing van orde en dissipline binne die Koshuislewe, Studentelewe, en VSR en ondergeskikte studenteleierskapsomgewing moontlik maak.

5.6.2 gevalle van nienakoming van relevante reëls identifiseer wat nie ŉ formele dissiplinêreverhoorprosedure noodsaak nie;

5.6.3 toepaslike strawwe identifiseer vir gevalle van nienakoming; en

5.6.4 voorsiening maak vir ŉ proses vir geskilbeslegting wat verband hou met beweerde nienakoming en strafmaatreëls.

## 6 Strafmaatreëls vir wangedrag

6.1 Waar ŉ tugliggaam dit raadsaam ag dat ŉ erger strafmaatreël as dié wat hy ingevolge paragraaf 5.5.5 mag oplê, oorweeg moet word, kan die liggaam ŉ gemotiveerde aanbeveling aan die Visekanselier voorlê, wat dan ŉ ad hoc dissiplinêre liggaam kan aanstel om die aangeleentheid te finaliseer.

6.2 ŉ Student aan wie ŉ strafmaatreël ingevolge hierdie beleid opgelê word, is verplig om daaraan te voldoen, by gebreke waarvan die student se toelating tot die Universiteit en registrasie as student deur die Visekanselier beëindig kan word.

6.3 In gevalle waar dissipline uitgeoefen word deur die dissiplinêre meganismes soos bedoel in paragraaf 5.6, moet sulke dade van nienakoming geassosieer word met voorafbepaalde strawwe soos ontwikkel en goedgekeur deur die:

6.3.1 Universiteitsbestuurskomitee vir aangeleenthede met betrekking tot Studentelewe en Koshuislewe; en

6.3.2 VSR vir aangeleenthede met betrekking tot die VSR, KSR's en ondergeskikte studenteleierskapstrukture.

## 7 Akademiese wangedrag

7.1 Die Raad moet voorsiening maak vir toepaslike reëls en meganismes vir kwessies wat verband hou met akademiese integriteit soos gereguleer deur die NWU se Beleid oor Akademiese Integriteit.

7.2 Die reëls en meganismes waarvoor in paragraaf 7.1 voorsiening gemaak word, moet onder die Senaat se toesig geskied, en kan voorsiening maak vir verdere tugmaatreëls m.b.t. geïdentifiseerde dade van akademiese wangedrag ingevolge die Beleid en Handleiding oor Studentedissipline.

Oorspronklike gegewens: (11664754) https://nwuac-my.sharepoint.com/personal/eric_swanepoel_nwu_ac_za/documents/policies/2024/student discipline/NWU-Beleid oor Studentedissipline 2024.docm
2 April 2024

Verwysingsnommer: 7P_7.8.3